



KLEIN KAROO VOETSLAANKLUB

PROGRAM 2026

(Bygewerk 21 Jan. 2026)

ALGEMENE REËLINGS

1. **Besprekingsdatum:** Kontak asseblief die organiseerder voor die besprekingsdatum om vir 'n aktiwiteit te bespreek. Klublede kry voorkeur slegs indien hulle voor die besprekingsdatum bespreek.
2. **Betaling van gelde:** Wanneer lede hul name vir 'n aktiwiteit opgee, word van hulle verwag om die volle bedrag te betaal wanneer bespreking- en stapfoorie vir die aktiwiteit betaalbaar is.
3. **Wild Card:** Wanneer jy jou naam vir 'n roete opgee, gee altyd vir die organiseerder ook jou Wild Card-nommer as jy een het en dit op die roete van toepassing is. Wild Card-nommers is dikwels nodig wanneer besprekings gedoen word.
4. **Onttrekkings:** Stappers wat van 'n staptoer onttrek, verbeur besprekingsgelde wat reeds betaal is, tensy hulle iemand in hulle plek vind. Organiseerders is nie verantwoordelik om 'n plaasvervanger te vind in die plek van iemand wat onttrek nie. ***Maak dus seker dat jy die stap kan en wil doen!***
5. **Brandstofdonasies:** Persone wie se voertuie gebruik word, betaal nie vir die brandstof nie – hulle dra die koste van slytasie ens. Brandstofkoste word gelykop tussen die passasiers verdeel. Dit is daarom voordeliger om soveel mense as moontlik per voertuig te laat ry. Brandstofdonasies in die program is volgens die volgende formule bereken en kan wissel volgens die getal passasiers en die brandstofprys: ***Totale afstand ÷ 10 (km/liter) = (Getal liter) x brandstofprys per liter ÷ getal passasiers = Brandstofdonasie per persoon.*** Afstande op die program word vanaf Oudtshoorn bereken.
6. **Mediese benodigdhede:** Hoewel die klub se noodhulpsakkie met basiese benodigdhede saamgaan, dra stappers hulle eie persoonlike mediese benodigdhede soos allergiepille en pleisters saam.
7. **Bankbesonderhede:** Klein Karoo Voetslaanklub, ABSA Spaarrekening, Bankkode 632-005, Rekeningnommer 9032560804.
8. **Webwerf-skakel:** <https://kleinkaroovoetslaanklub.godaddysites.com>

KLUBBESTUUR

Danie Steyl (Voorsitter)	078 469 3727 / daniesteyl157@gmail.com
Cassie Coetzee (Ondervoorsitter)	082 855 0115 / cascoetzee@gmail.com
Jolinda Viljoen (Sekretaresse)	073 895 1276 / kalpjc1@gmail.com
Wessel Steyl (Tesourier)	082 307 1584 / wesselsteyl@ultrahost.co.za
Frans Kalp (Addisionele lid)	079 252 3937 / franskalp001@gmail.com
Colin Young (Addisionele lid)	083 355 6930 / colin26young@gmail.com

LET WEL: Enige lid van die klub mag stapgeleenthede reël, solank dit nie bots met die aktiwiteite op die program nie. Laat weet asb. net die bestuur daarvan, met volle besonderhede vir die stapprogram.

GRADERING VAN STAPROETES

Op die program word die **moeilikeheidsgraad** van elke stap deur middel van 'n kode aangedui, volgens die beskrywing in die volgende tabel:

FIKSHEIDSGRADERING		TERREINGRADERING	
1	Maklike stap. Vereis onder-gemiddelde tot matige fiksheid.	A	Maklike terrein. Gemaklike hellings. Geen blootstelling aan hoogtes nie. Kortere afstande.
2	Matig maar vermoeiend. Vereis matige fiksheid.	B	Helling matig tot steil. Soms klouter oor rotse, maar nie moeiliker as om 'n kort leer te klim nie. Langer afstande.
3	Taamlik veeleisende oefening. Vereis gemiddelde tot bogemiddelde mate van fiksheid.	C	Hellings relatief steil. Matige blootstelling aan hoogtes. Kan ongemaklik vir persone met hoogtevrees wees. Klouter meermale oor rotse. Bosmoer. Lang afstande.
4	Baie veeleisend en vereis hoë mate van fiksheid.	D	Terrein baie op en af. Hellings steil. Baie blootgestel aan hoogtes en natuurelemente. Klouter dikwels oor rotse of swem deur riviere. Gevaarelemente teenwoordig. Afstande kan lank en moeilik wees.

Voorbeelde: 'n 4A-roete kan oor heeltemal gelyk en maklike terrein loop, maar baie veeleisend wees weens die afstand daarvan. Daar bestaan nie so iets soos 'n 1D-roete nie.

INLIGTING VIR GASTE EN NUWE LEDE

Vir belangstellendes in die aktiwiteite en nuwe lede van die Klein Karoo Voetslaanklub (KKVK), wil ons graag die volgende basiese inligting oor ons klub, sy funksionering en aktiwiteite deurgee:

Die belangrikste **doelwit** van die KKVK is gesonde buitemuurse ontspanning en waardering vir die natuur deur middel van voetslaan en ander buitemuurse aktiwiteite.

Die **aktiwiteite** van die klub bestaan uit daguitstappies, naweekstaptogte, lang staptogte, ledevergaderings en sosiale geleenthede.

Om vir **lidmaatskap** van die klub te kwalifiseer, moet 'n persoon gesonde belangstelling in die aktiwiteite van die klub toon en bereid wees om die gees en die goeie naam van die klub te handhaaf en te bevorder. Lidmaatskap is onderhewig aan die betaling van die voorgeskrewe ledegeld.

'n **Eenmalige aansluitingsfooi** is betaalbaar wanneer 'n persoon die eerste keer by die klub aansluit: *Senior lid (18 jaar en ouer): R50; Junior lid (8-17 jaar): R30.*

Jaarlikse ledegeld van die KKVK is tans die volgende bedrae vir 2026 en is betaalbaar voor of op 30 April: *Senior lid (18 en ouer): R100; Junior lid (8-17 jaar): R50.*

Nie-lede betaal 'n **gastefooi** van R50,00 per uitstappie vanaf die *tweede uitstappie* van die klub wat hulle meemaak (*die eerste uitstappie is gratis*).

Eie toerusting moet deur alle persone op klubuitstappies saamgeneem word. As jy onseker is oor wat alles benodig word, praat vooraf met die leier. Elkeen voorsien sy/haar eie **noodhulp-benodigdhede (pleister, medisyne ens.)**. Elkeen voorsien ook sy/haar eie **eet- en drinkgoed** en **genoeg drinkwater**.

Maak voorsiening vir alle weersomstandighede en neem altyd **genoeg warm klere en 'n reënbaadjie** saam. Deelname aan 'n uitstappie kan geweier word as die bestuur of die leier sou oordeel dat 'n gas of lid nie behoorlik toegerus is nie, nie die nodige ondervinding vir die spesifieke tog het nie, of nie fiks genoeg is nie.

Die **vervoerreëlins** vir elke uitstappie werk soos volg:

- Wanneer 'n belangstellende sy/haar naam by die organiseerder/ leier opgee, moet hy/sy ook aandui of 'n voertuig beskikbaar gestel kan word vir die uitstappie en hoeveel mense met hulle toerusting vervoer kan word.
- Die organiseerder/leier koördineer die vervoer, maar is nie verantwoordelik om vervoer vir die groeplede te reël nie.
- 'n Persoon wat 'n voertuig beskikbaar stel, betaal nie brandstofgeld nie. Die passasiers in die voertuie deel die brandstofkoste. Die brandstofdonasie wat vir elke uitstappie op die program aangedui word, is 'n beraming wat deur die organiseerder uitgewerk is vir vervoer vanaf Oudtshoorn, en die werklike bedrag kan meer of minder wees, ooreenkomstig die getal passasiers en die brandstofkoste. Die bestuurder van die voertuig moet met die passasiers 'n onderlinge reëling met vir die betaling van brandstof tref. Die volgende formule word gebruik om die brandstofkoste vanaf Oudtshoorn (of enige ander plek) te bereken: **$\text{Totale afstand} \div 10 \text{ (km/liter)} = (\text{Getal liter}) \times \text{brandstofprys per liter} \div \text{getal passasiers} = \text{Brandstofdonasie per persoon}$** .
- 'n Persoon wat 'n voertuig beskikbaar stel, moet sorg dat dit by vertrek in 'n goeie toestand en vol brandstof is wanneer die voertuig vertrek.
- Sover prakties moontlik, reis die groep normaalweg saam na hul bestemming en die leier koördineer die reisreëlins na en vanaf die uitstappie.

'n **Vrywaringsvorm** teen aanspreeklikheid moet voor die uitstappie deur elke nie-lid voltooi word en aan die organiseerder oorhandig word. Die organiseerder sal die vorm beskikbaar stel.

GEDRAGSKODE TYDENS STAPTOGTE

Dit word van alle lede en gaste wat aan uitstappies deelneem, verwag om die volgende reëls na te kom:

- Die besluite en versoeke van die leier moet ten alle tye gehoorsaam word ter wille van die groep se veiligheid en die ordelike verloop van die uitstappie. Geen lid van die groep mag die gesag van die toerleier ondermyn of op 'n stemmery aandrang nie.
- 'n Ononderhandelbare reëling op alle stapaktiwiteite van die klub is dat elke deelnemer deurentyd sigbare kontak met die stapper agter hom/haar MOET hou en moet wag indien die persoon agter raak of buite sig is. Hoewel elke stapper vir sy/haar eie welsyn en veiligheid verantwoordelik is, is dit goeie kameraadskap om te help om na die welsyn van die stapper voor en agter hom/haar om te sien.
- In swak weer, soos reën en mis, of in twyfelagtige terrein waar die roete onduidelik of swak gemerk is, moet die hele groep bymekaar bly en moet elke stapper heeltyd in sigbare kontak met die persoon voor en agter hom/haar wees.
- Wanneer jy om 'n spesifieke rede die stappaadjie moet verlaat, noem dit vir die naaste stapper aan jou en los jou rugsak langs die voetpad sodat dit sigbaar is.
- Wees altyd bedagsaam teenoor die ander stappers deur bv. nie die groep te vertraag of laat saans te raas nie. Help ander groeplede wanneer dit nodig is.
- Radio's, musiekspelers en troeteldiere word nie op uitstappies toegelaat nie. Indien 'n selfoon of musiekspeler wel saamgedra word, moet dit geen steurnis vir ander stappers veroorsaak nie. Gebruik oorfone. Dit is ongeskik om in 'n geselskap met oorfone in jou ore te sit!
- Respekteer die eiendom van grondeienaars oor wie se grond gestap word, deur bv. nie hekke oop te los of draadheinings te beskadig nie. Die klub se toegangsregte kan in die gedrang kom as persone onverantwoordelik optree.
- Gehoorsaam die reëls en regulasies van die gebied waarin gestap word en respekteer die natuurlike omgewing deur bv. nie blomme te pluk, plante te verwyder of enige skade aan die natuurlike omgewing aan te rig nie.
- Oornagplekke moet skoon en netjies gelaat word. Alle rommel moet saam terug gedra word as vullishouers nie by oornagplekke voorsien word nie. Moenie vullis begrawe nie. Hou altyd 'n plastieksakkie byderhand vir snesies.
- Hou waterbronne soos strome, fonteine of tenks skoon deur dit nie te besoedel nie. Seep mag nie in enige waterbronne gebruik word nie.
- Vure mag slegs aangesteek word waar dit toelaatbaar én veilig is. Brandhout moet spaarsaam gebruik word en vure deeglik geblus word saans voordat jy gaan slaap en soggens voordat jy die omgewing verlaat. Wees ook baie versigtig wanneer stoffies gebruik word sodat dit nie 'n veldbrand kan veroorsaak nie.
- Wat toiletgewoontes betref, volg die kat se voorbeeld en begrawe behoorlik. Vermy 'n radius van 50 meter rondom die oornagplek, asook waterbronne. Verbrand gebruikte toiletpapier versigtig wanneer jy die bos besoek het (moenie die veld aan die brand steek nie).
- Geniet die natuur in al sy prag, verskeidenheid en grootsheid. Dit is 'n voorreg om ons land se wonderlike en unieke natuurgebiede te besoek.

*Climb the mountains to get their good tidings.
Nature's peace will flow into you as sunshine flows
into trees. The winds will blow their freshness into
you and the showers their energy, while cares will
drop off like autumn leaves – John Muir*

PROGRAM 2026

LET WEL: Hierdie program is onderhewig aan verandering gedurende die jaar. Wanneer dit gewysig word, sal die gewysigde program of gedeelte van die program weer na lede gestuur word. Die program is ook op die klub se webwerf beskikbaar: <https://kleinkaroovoetslaanklub.godaddysites.com>

1. 23 JANUARIE: KKVK JAARVERGADERING

Organiseerder	Danie Steyl 0784693727 / daniesteyl57@gmail.com
Tyd	19:00
Plek	Wesbank Tennisklub, Kerkstraat, Oudtshoorn
RSVP	Laat weet asb. vir Danie teen 20 Jan as julle die vergadering gaan bywoon sodat die komitee weet vir hoeveel mense om voor te berei. <i>Lede wat van elders af kom, kan my laat weet as julle verblyf in Oudtshoorn wil hê vir die aand ná die vergadering – ek reël vir julle verblyf by klublede in Oudtshoorn.</i>

Bykomende inligting en spesifieke reëlings: Ná die AJV is daar 'n bring en braai by die klub. Die klub se eetgerei kan gebruik word, of julle kan julle eie bring. *Drank moet by die tennisklub gekoop word (betaal met krediet- of debietkaart, nie met kontant nie).* Die voetslaanklub sal die vuur, braaigeriewe, bykosse (’n mengelslaai, aartappelslaai en broodjies) en koffie/tee verskaf. ***Belangstellendes is welkom, bring hulle saam!***

2. 31 JANUARIE-01 FEBRUARIE: MAANLIGNAGSTAP VANAF OU TOL (SWARTBERGPAS) NA BOTHASHOEK-HUT EN TERUG

Organiseerder	Colin Young: 0833556030 / colin26young@gmail.com
Getal persone toegelaat	12
Stapkode per persoon	R135
Natuurbewaringsfooi	R50/volwassene en R30/kind (Gratis vir iemand met 'n Wild Card – Noem jou Wild Card-nommer vir Colin wanneer jy bespreek)
Tipe akkommodasie & koste	Bothashoek-hut (basiese hut met stapelbeddens & matrasse, slegs kouewater storte, geen elektrisiteit)
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	± 90 km
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R70 (3 passasiers per voertuig) of soos in jul voertuig ooreengekom)
Stapafstand	Ou Tol na Bothashoek-hut (tweespoorpad): 12.5 km Bothashoek na Ou Tol: 13.5 km met kruinroete OF 12.5 km terug met die tweespoorpad – elkeen se keuse (kyk bykomende inligting hier onder).
Moeilikeidsgradering	2B/3B
Bespreek voor...	20 Januarie 2026 (<i>Laat weet vir Colin jou Wild Card-nommer as jy een het</i>)

Bykomende inligting en spesifieke reëlings:

Hierdie stap word met volmaan gedoen en dit is 'n ondervinding om in die maanlig te stap. Die groep vertrek 19:00 die Saterdag laatmiddag vanaf Oudtshoorn (die plek sal later bekendgemaak word) na Ou Tol bo in die Swartbergpas, parkeer daar en begin stap wanneer die maan al op is. Die stap na Bothashoek duur omtrent 5 ure, en die hut sal na middernag bereik word. Vir die res van die nag slaap die groep in die hut. Die Sondagoggend word die groep in twee subgroepe verdeel – een wat via die meer uitdagende kruinroete terug na Ou Tol stap, en 'n groep wat weer met die tweespoorpad terug na Ou Tol stap (elkeen se keuse). Berei jou sielkundig voor om in die maanlig en half donkerte op die tweespoorpad te stap – hoewel dit 'n goeie ervaring is, moet jy fiks wees om die afstand met die groot sak af te lê, kan jy nie altyd so lekker sien nie, en afstande voel langer. Neem 'n volgelaide koplamp of flits saam vir dele waar die pad dalk bietjie donker kan wees.



Die maanlignagstap is interessante pret met mooi uitsigte!

3. 21 FEBRUARIE: DAGSTAP/-SWEM DEUR GAMKARIVIERKLOOF TUSSEN CALITZDORP EN HUISRIVIERPAS

Organiseerder	Danie Steyl: 0784693727 / daniesteyl57@gmail.com
Getal persone toegelaat	Onbeperk – soveel as moontlik
Stapkode per persoon	Geen
Natuurbewaringsfooi	Nie van toepassing
Akkommodasie op roete	Nie van toepassing
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	130 km
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R100 (3 passasiers per voertuig) of soos in jul voertuig ooreengekom.
Stapafstande	Ongeveer 8 km
Moelikeheidsgradering	2B
Bespreek voor...	Laat Danie teen 15 Januarie weet of jy wil saamgaan

Bykomende inligting en spesifieke reëlings:

Ons kry mekaar die oggend van 21 Februarie om 07:30 by Pick 'n Pay in Oudtshoorn. Stappers wat van elders af kom, ontmoet die groep by die motorhawe in Calitzdorp om 08:00. Ons parkeer 'n voertuig by die eindpunt naby Calitzdorp en ry dan na die beginpunt waar die pad oor die Gamkarivier gaan op pad na Ladismith. Ons parkeer ons voertuie op die Ericksons se plaas daar naby en begin dan stap vanaf die brug suidwaarts deur die kloof waardeur die Gamkarivier vloei. Ons stap langs die rivier tot waar ons ons teen die kranse vasloop en swem dan deur die rivier na die ander kant toe, loop weer langs die rivier tot ons ons vasloop, swem weer deur die rivier, stap verder ens. *Jy moet lief wees vir swem en kan swem om hierdie swem/stap-ding te doen!* Trek **ou klere en ou tekkies** aan wat nat en vol modder kan word. Moet lief nie met jou stapskoene stap nie, tensy jy nie omgee dat hulle nat en vol modder word nie. Jy kan ook 'n tjoep of 'n lugmatras saamvat as jy wil. 'n Waterdigte sak ("drybag") vir jou kamera/selfoon sal ook handig wees. Oorweeg ook 'n sterk, waterdigte sak om jou rugsak in te sit as jy nie wil hê hy moet nat word nie (dis wenslik om 'n rugsakkie en goed binne-in wat maar kan nat word, saam te vat). Onthou ook jou breërandhoed en sonskerm om jou teen die son te beskerm. Hierdie is 'n baie lekker ding om op 'n warm dag te doen! En ja, jy moet kan swem!!



'n Mooi kloof en ruim geleentheid om te swem en vol modder te word!

4. 27-29 MAART: HARKERVILLE NAWEEKSTAP 2 DAE)

Organiseerder	Colin Young / 0833556030 / colin26young@gmail.com
Getal persone toegelaat	12
Stapkode per persoon	R370 pp
Natuurbewaringsfooi	R104 pp (gratis vir persone met 'n Wild Card - <i>laat weet vir Colin jou Wild Card-nommer wanneer jy bespreek.</i>
Tipe akkommodasie & koste	Basiese voetslaanhutte met beddens en matrasse by die beginpunt en op die roete. Geen warm water of elektrisiteit.
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	280 km
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R220 (3 passasiers per voertuig) of soos in jul voertuig ooreengekom.
Stapafstande	Dag 1 – 14,6 km / Dag 2 – 12 km
Moeilikeheidsgradering	3C (moeilike, rotsagtige terrein – ongemaklik vir mense met hoogtevrees).
Bespreek voor...	Laat weet Colin <i>voor 20 Desember en noem jou Wild Card nr. wanneer jy bespreek</i>

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Hierdie uitdagende maar baie mooi stap is veeleisend omdat dit oor moeilike, rotsagtige terrein loop waar 'n mens dikwels oor ruwe rotse moet loop en klouter. Daar is heelwat leertjies en kettings waar 'n mens op rotslyste om rotse moet beweeg. Mense met hoogtevrees kan ongemaklik op hierdie roete wees. Afgesien van hierdie uitdagings is dit gewis een van die mooiste en skilderagtigste staproetes in sonnige Suid-Afrika. Dit is belangrik dat jy stewige stapskoene op hierdie roete moet dra – jou voete gaan baie moeg word as jy gewone tekkies dra wat nie jou enkels ondersteun nie, en jy gaan jou tekkies bes moontlik nog afskryf ook. Daar is nie vars water op die roete nie – net by die hutte. Neem elke dag genoeg water saam (2 tot 3 liter).

PROGRAM:

- Vrydag 27 Maart: Vertrek 14h00 vanaf Oudtshoorn na Harkerville. Slaap oor by hut by Harkerville Bosboustasie. Braai en kuier.
- Saterdag 28 Maart: Begin vroeg-oggend en stap tot by Sinclair-hut. Kuier en oornag daar.
- Sondag 29 Maart: Stap vanaf Sinclair-hut verder en terug na beginpunt. Keer terug huis toe.



Rowwe, moeilike terrein op die Harkerville-stap, maar mooi!

5. 18 APRIL: DAGSTAP GROENWEIDE ROETE (SANPARKE)

Organiseerder	Jolinda Viljoen: 0738951276 / kalpjcl@gmail.com
Getal persone toegelaat	Onbeperk - so veel as moontlik!
Stapkode per persoon	Gratis
Natuurbewaringsfooi	NVT
Tipe akkommodasie & koste	NVT
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	± 135km
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R95 per persoon (3 passasiers, 1 bestuurder)
Stapafstande	Groen Roete: 9 km
Moeilikeidsgradering	2B
Bespreek voor...	18 Maart 2026

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Die Groeneweide-staproete in George, langs die Tuinroete, bied 'n rustige en lonende stapervaring vir stappers van alle fiksheidsvlakke. Die roete het drie afstandopsies van 9 km, 11 km en 13 km, met die groen roete as die kortste. Dit bestaan hoofsaaklik uit bos-enkelspoor en wandelpaie, met sommige gedeeltes wat die Kaaimansrivier kruis. Stappers kan 'n verskeidenheid wild en voëllewe verwag, insluitend blouduikers, bosbokke en verskeie voëlspeesies. Parkering is beskikbaar by die beginpunt en die area word gemonitor vir veiligheid, wat die roete ideaal maak vir natuurliefhebbers en gesinne wat die natuurskoon van die Tuinroete wil geniet. Spesifieke reëlins sal met die belangstellende stappers getref word.



Tonele op die Groeneweide staproete

6. 14-18 MEI: BOLAND-STAPROETE (3 DAE VOLSAK) IN HOTTENTOTS-HOLLAND NATUURRESERVAAT (NABY GRABOUW TUSSEN VILLIERSDORP EN FRANSCHHOEK)

Organiseerders	Wessel Steyl 0823071584 / wesselsteyl@ultrahost.co.za
Getal persone toegelaat	30
Stapkode per persoon	R180 per nag / R360 vir beide nagte
Natuurbewaringsfooi	R60
Tipe akkommodasie & koste	Kampering vooraf sal gekommunikeer word, of stappers kan privaat akkommodasie reël. Ons slaap in die Landdroskops-hut op die staproete.
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	760 km
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R380 pp (vir 3 passasiers) of soos onderling in die voertuig ooreengekom
Stapafstand	Tussen 12 en 14 km per dag
Moeilikeidsgradering	3B
Bespreek voor...	Laat weet Wessel voor 28 Februarie 2026 as jy saamgaan.

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Hierdie staproete tussen Grabouw en Franschhoek bied pragtige uitsigte oor die Hottentotshollandberge met sy interessante rotsformasies en uitsigte oor die omgewing. Spesifieke reëlins sal met die belangstellende stappers getref word.

Program:


Do 14 Mei: Vertrek 12:00 na oornagplek naby roete. Braai en kuier.

Vr 15 Mei: Vertrek na beginpunt by Nuweberg, doen admin by die hek, parkeer voertuie by Nuweberg en begin stap na Landdroskop-hut.

Sa 16 Mei: Verken die berge wes van die Landdroskop-hut en keer terug na die hut, slaap weer daar.

So 17 Mei: Keer via motorpad terug na Nuweberg. Keer terug huis toe OF slaap weer oor by die oornagplek.

Ma 18 Mei: Kampeerdere keer terug huis toe.



Tonele op die Boland-staproete

7. 30 MEI: DAGSTAP VANAF VICTORIABAAI NA WILDERNESS

Organiseerder	Jolinda Viljoen: 0738951276 / kalpje1@gmail.com
Getal persone toegelaat	Onbeperk - so veel as moontlik!
Stapkoste per persoon	Gratis!
Natuurbewaringsfooi	NVT
Tipe akkommodasie & koste	NVT
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	±139 km
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R100 per persoon (3 passasiers, 1 bestuurder)
Stapafstande	8 km
Moelikheidsgradering	2B tot 2C
Bespreek voor...	15 Mei 2026

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Die roete begin by die Victoria Bay-parkeerarea en volg 'n oostelike rigting langs die spoorlyn, deur twee tunnels tot by 'n brug waar die Kaaimansriviermond tydens laagwater oorgesteek word. Dit is 'n 8 km heen-en-terug-roete met 'n bietjie klimwerk, maar niks tegnies nie. Die hele roete loop langs die spoorlyn met steil kranse onder, wat moontlik nie geskik is vir mense met hoogtevrees nie, maar bied pragtige uitsigte oor die see regdeur. Spesifieke reëlins sal met die belangstellende stappers getref word.




8. 12-14 JUNIE: NAWEEK MET BLOUPUNT- EN COGMANSKLOOF-DAGSTAPPE


Organiseerder	Cassie Coetzee 0828550115 / cascoetzee5@gmail.com
Getal persone toegelaat	12
Stapkode per persoon	R100.00 per roete x 2 = R200.00. Kontant betalings by kantoor by beginpunt.
Natuurbewaringsfooi	Geen.
Tipe akkommodasie & koste	Die Klipspringer-hut was erg gevandaliseer en moet nog geherstel word en dis nog onbekend wanneer die hut gereed sal wees. Ons gaan van De Bos Backpackers gebruik maak as basis: R315.00 pppn x 2 nagte = R630.00.
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	480km
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R330 pp vir motor met 3 passasiers (of soos onderling in voertuig ooreengekom)
Stapafstande	Bloupunt: 15,6 km / Cogmanskloof: 12,1 km
Moeilikhedsgradering	3B
Bespreek voor...	Laat weet Cassie voor 15 Mei 2026

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Die groep vertrek om op Vrydag 12 Junie om 12:00 vanaf Oudtshoorn – Groepeer in Oudtshoorn by Klein-Karoo Caltex vulstasie, nie later as 11:45. Dit is twee dagstappe vanaf 'n sentrale punt De Bos Backpackers ± 1.5km van af beginpunt – jy kan dus met jou dagsak stap. Die **Bloupunt**-dagstap is **15.6 km** lank en styg met 1000 m bo seevlak vanaf die beginpunt by Joubertpark tot by die kruin. Dit kan in 5-9 uur voltooi word. Hierdie roete bied 'n wye verskeidenheid interessante kenmerke vir stappers met verskillende belangstellings in 'n voortdurend veranderende panorama wat wissel tussen klowe met bergstrome en steil kranse met ontsagwekkende rotsformasies. Vanaf die 1266 m hoë kruin van Bloupunt word 'n mens gekonfronteer met 'n pragtige uitsig in alle rigtings. Ongeveer halfpad op is daar twee varswaterpunte. Daar is ook 3 klein watervalle op die roete af vanaf die kruin. Die **Cogmanskloof**-staproete is **12.1 km** lank en kan in 4-6 uur voltooi word. Slegs die eerste 2 km vanaf die oornaghtut is steil - van daar af is die roete maklik. Cogmanspiek is op 690 m die helfte van die hoogte van Bloupunt, maar bied nietemin 'n pragtige uitsig oor Montagu, die klowe en berge. Daar is interessante rotsformasies en veldblomme bo-op.



Tonele op die Bloupunt-roete



Tonele op die Cogmanskloof-roete

9. 11 JULIE: WOLWEDANS DAGSTAP

Organiseerder	Colin Young / 0833556030 / colin26young@gmail.com
Getal persone toegelaat	Onbeperk – so veel as moontlik!
Stapkode per persoon	Gratis!
Natuurbewaringsfooi	NVT
Tipe akkommodasie & koste	NVT
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	±166 km
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R120 per persoon (3 passasiers, 1 bestuurder)
Stapafstande	8 km
Moeilikeidsgradering	2A
Bespreek voor...	7 Julie 2026

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Hierdie maklike staptog is ongeveer 4 km in een rigting en jy moet ongeveer 4 ure toelaat. Dit is 'n pragtige rivierstaptog met goeie voëllewe. Die staproete begin by die munisipale parkeerterrein in Groot Brakrivier en volg Charlesstraat in 'n noordelike rigting verby die twee kerke aan die regterkant van die pad. Waar die pad teen die helling begin, draai links op die grondpad en deur 'n plaashek wat toe gehou moet word. Volg die pad teen die helling op aan die regterkant. Volg dan die pad langs die ou watervoor wat oorspronklik water na die dorpie Groot-Brakrivier gebring het en wat ook water na Searle se Looiery gelei het – dit dateer uit 1896. Die pad verlaat die voor en kruis die rivier via 'n sementblok wat die pyplyn van die dam na die Petro SA-raffinadery in Mosselbaai beskerm. Binnekort word twee geelhoutbome gevind, 'n ideale plek om piekniek te hou. Volg die paadjie langs die rivieroewer en uiteindelik in die rivierbedding waar jy versigtig moet wees vir los klippe. Gaan voort totdat jy die trappe na die uitkykplatform by die Wolwedans-dam se damwal bereik. Spesifieke reëlins sal met die belangstellende stappers getref word.



Tonele op die Wolwedans -staproete

10. 15 AUGUSTUS: HALF-COLLARED KINGFISHER DAGSTAP BY EBB & FLO NABY WILDERNESS

Organiseerder	Danie Steyl 0784693727 / daniesteyl57@gmail.com
Getal persone toegelaat	Onbeperk - so veel as moontlik!
Stapkode per persoon	Sien Natuurbewaringsfooi
Natuurbewaringsfooi	R61 per persoon
Tipe akkommodasie & koste	NVT
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	± 148 km
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R120 per persoon (3 passasiers, 1 bestuurder)
Stapafstande	14 km
Moeilikeidsgradering	2B
Bespreek voor...	Laat weet Danie teen 10 Augustus as jy wil saamgaan.

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Dit is 'n pragtige, skaduryke stap deur die natuurlike woude waar 'n mens waarskynlik 'n groot verskeidenheid voëls sal sien, soos die Knysnaloerie, Reusevisvanger en Visarend. Die roete begin aan die wesoewer van die Touwrvier en sluit aan by die Reusevisvanger-roete aan die oosoewer van die Touwrvier, wat na die waterval lei. Spesifieke reëlins sal met die belangstellende stappers getref word.



Tonele op die Half-collared Kingfisher-staproete

11. 28-30 AUGUSTUS: KAMPNAWEEK MET TWEE DAGSTAPPE BY ROBBERG EN STINKHOUTKLOOF (PLETTENBERGBAAI-OMGEWING)

Organiseerder	Danie Steyl 0784693727 / daniesteyl57@gmail.com
Getal persone toegelaat	Onbeperk – soveel as moontlik
Stapkoste per persoon	Robberg: Natuurbewaringsfooi (R75/volwassene, R55/kind) by hek (gratis vir dié wat 'n Wild Card het – neem dit saam. Neem ook die regte bedrag en bankkaart saam om mee te betaal.) Stinkhoutkloof: Gratis
Tipe akkommodasie & koste	Kampering by Nature's Valley Ruskamp die aand van Sat. 29 Aug. Belangstellendes maak hulle eie besprekings by Sanparke (012-4289111) (kyk webwerf op Internet vir meer inligting).
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	360 km (180 km in een rigting) GPS begin Robberg: 34°06'15.30"S / 23°23'31.56"E GPS begin Stinkhoutkloof: 33°56'56.32"S / 23°37'33.29"E GPS Nature's Valley Ruskamp: 33°58'14.49"S / 23°33'42.36"E
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R300 pp vir motor met 3 passasiers (of soos onderling in voertuig ooreengekom)
Stapafstande	Robberg: 11 km / Stinkhoutkloof: 9 km
Moeilikeidsgradering	2B
Besprek voor...	Laat weet Danie voor 21 Augustus as jy saamgaan

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Hierdie naweek se roetes is ideaal vir diegene wat nie heeltemal so fiks is nie (hoewel 'n redelike mate van fiksheid natuurlik tog vereis word) en twee dagstappe in pragtige omgewings wil doen. Omdat Forever Resorts in Plettenbergbaai vol besprek is vir daardie naweek, is die reëling nou dat ons die Saterdagoggend vroeg vanaf ons berstemmings vertrek om teen **08:30 by Robberg se beginpunt** te wees. Ná die Robberg-stap vertrek ons na Nature's Valley Ruskamp om die aand daar te kampeer. Danie het 'n kampeerplek besprek wat deur 6 mense gedeel kan word – laat my asb. weet as jy die kampeerplek by Nature's Valley met my wil deel (bring jou eie tentjie en kampeergoed). Andersins, vind jou eie akkommodasie in die omgewing.

Robberg (11 km): Wees 08:30 by die parkeerplek by die ingang na die Robberg Natuurrreservaat. Dit is 'n gewilde staproete wat langs die hange en langs die kus/strand reg rondom Robberg loop. Daar is 'n kolonie van Robbe te sien ver onder op die rotse, en natuurlik pragtige uitsigte oor die baai en die see. Wees gereed vir bietjie rotsagtigheid hier en daar, maar in die algemeen is dit 'n lekker dagstap. Na afloop van die stap ry ons na Nature's Valley Ruskamp om daar te kampeer (of na jou verblyf wat jy in die omgewing gereël het. Ek sal hout en 'n braairooster saamneem om die aand te braai.


Stinkhoutkloof (9 km): Ons breek Sondagoggend kamp op, pak op en vertrek teen 08:30 na die beginpunt van die Stinkhoutkloof-staproete by die Bloukrans Bosboustasie naby die N2 tolhek, waar ons die voertuie

parkeer. Ons begin stap deur 'n denneplantasie voordat die pad in die inheemse woud in die boonste gedeeltes van die Stinkhoutkloof inbeweeg. Pragtige boomvarings en fungi is langs die pad in die inheemse woude te sien. Daar is verskeie rivierkruisings, en ongeveer 5 km van die beginpunt af is 'n natuurlike swemgat wat as 'n goeie plek vir middagete dien – neem dus jou swemklere saam as jy in die swemgat wil afkoel. Neem sandale/pakkies/crocs saam vir rivierkruisings indien nodig. Na afloop van die stap vertrek ons huis toe.

Pragtige seetonele by Robberg



Stinkhoutkloof



12. 3-9 OKTOBER: OORLOGSKLOOF ROCK PIGEON STAPROETE (5 DAE MET GROOT SAK) NABY NIEUWOUDTVILLE

Organiseerder	Danie Steyl: 0784693727 / daniesteyl57@gmail.com
Aantal persone toegelaat	16
Stapkode	R850 pp
Akkommodasie & koste	Akkommodasie is in voetslaanhutte wat met matrasse toegerus is. Koue storte of bad in die stroompie daar naby. Al die hutte is naby waterstrome geleë. Koste is ingesluit by stapkode. Groottuin (begin- en eindpunt): R700 (m.a.w. R87.50 pp as daar 8 in die groep is) vir die twee nagte wat deur die groep gedeel word.
Natuurbewaringsfooi	Geen
Ry-afstand na roete en terug	1270 km
Donasie vir brandstof pp vanaf Odn	Totale afstand ÷ 10 (km/liter) = (aantal liter) x brandstofprys per liter ÷ 3 passasiers = Brandstof donasie. ±R900 of soos in julle voertuig ooreengekom.
Stapafstande	5 dae, 52 km (Kyk hier onder by bykomende inligting)
Moeilikhedsgradering	3B: Die terrein wissel van maklik tot moeilik (sien brosjure)
Bespreek voor...	15 Februarie 2026

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Besoek asb. die Oorlogskloof-webtuiste op die internet en lees die brosjures vir inligting. Die terrein wissel van maklik tot moeilik en sluit onder andere "boulder hopping" in. Dit is darem nie te erg nie, maar wees maar fiks om die roete te stap. Water is redelik volop. Maak gereed vir alle weersomstandighede. Mooi klowe en berge en interessante rotsformasies – dit is 'n gunsteling roete vir baie voetslaners!

PROGRAM:

- Sa 3 Okt: Vertrek vroeg vanaf Oudtshoorn en slaap oor by Rondeberg Vakansieoord (noord van Clanwilliam). Braai en kuier.
- So 4 Okt: Ry tot by Groottuin (Oorlogskloof beginpunt), parkeer en stap na Brakwater (4 km)
- Ma 5 Okt: Stap vanaf Brakwater na Kameel se Gat (8.5 km)
- Di 6 Okt: Stap vanaf Kameel se Gat na Doltuin (12 km)
- Wo 7 Okt: Stap vanaf Doltuin na Pramkoppie (17 km)

Do 8 Okt: Stap vanaf Pramkoppie na Groottuin (11 km). Ry na Rondeberg Vakansieoord en slaap daar oor.

Wo 9 Okt: Pak op, huil, groet en vertrek huis toe.



’n Paar tonele op die Oorlogskloof Rock Pigeon-staproete

13. 16-18 OKTOBER: BOOSMANSBOS NAWEEKSTAP

Hierdie stap is tans vol geboek, maar laat weet vir Wessel as jy belangstel, dan kan hy jou op die waglys plaas ingeval iemand onttrek.

Organiseerder	Wessel Steyl 0823071584 / wesselsteyl@ultrahost.co.za
Getal persone toegelaat	12
Stapkoste per persoon	R75 pp
Natuurbewaringsfooi	R40 pp (Nie van toepassing op stappers met ’n toepaslike Wild Card nie – laat weet Wessel jou nommer wanneer jy bespreek)
Tipe akkommodasie & koste	Vrydagaand vooraf: Belangstellendes doen hulle eie bespreking vir die tipe akkommodasie wat hulle verkies. Voorstel is om te kamp in Grootvadersbosh. Saterdagdaand in die berg: Hut met sementvloer en dak wat dalk lek, geen geriewe nie. Neem eie matrassie saam. Geen toiletgeriewe.
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	440 km (persone in voertuig tref onderling ’n reëling) <i>GPS Grootvadersbosch Kampeerplek: 33°59'09.99"S / 20°49'24.44"E</i>
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	± R340 pp (persone in voertuig tref ’n onderlinge reëling)
Stapafstande	27 km in totaal (14 km en 13 km)
Moeilikhedsgradering	3B
Bespreek voor...	Laat weet vir Wessel om jou op die waglys te plaas.

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Ons gaan probeer om die Vrydagaand voor die stap by die beginpunt te kampeer (wanneer jy jou plek bespreek, noem jou Wild Card-nommer as jy een het en of jy die Vrydagaand daar wil kamp – jy kan eers die Saterdagoggend deurkom as jy wil). Wees maar fikserig, want dit is ’n stywe stappie. Wenk: Dra langbroeke, want die paadjie mag plek-plek toegegroei wees. Baie mooi stap, veral daardie tyd van die jaar. Die hut het geen geriewe nie, net ’n sementvloer – neem dus jou matrassie en grondseiltjie saam.



Boosmansbos uitsig en hut

14. 24 OKTOBER: DAGSTAP NA PEPSI-POELE BY GEORGE-DAM

Organiseerder	Colin Young / 0833556030 / colin26young@gmail.com
Getal persone toegelaat	Onbeperk – soveel as moontlik
Stapkode per persoon	Gratis
Tipe akkommodasie & koste	Nie van toepassing
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	130 km
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R100 pp vir motor met 3 passasiers (of soos onderling in voertuig ooreengekom)
Stapafstande	±12 km
Moeilikeidsgradering	2A
Bespreek voor...	Laat weet Colin voor 19 Oktober

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Hierdie roete is baie gelyk en maklik (moet net nie probeer om om die dam te stap nie – dit is nie moontlik nie). Pragtige uitsigte oor die dam en die berge – mooi natuurskoon. Swem by die Pepsi Poel – neem jou swemklere saam! Almal wat uit verskillende windrigtings kom, kry mekaar om 08:00 by die oop erf op die hoek van Stander- en Bokmakieriestraat in die Loeriepark-woongebied in George – die woongebied naaste aan die dam (GPS-koördinate: 33°57'44.27" S / 22°49'46.87" E). Die Oudtshoorn-groep sal om 07:00 uit Oudtshoorn vertrek – reëlins sal met die groep getref word.



Die Pepsi Poel-stap is heerlik om die bene so bietjie te rek!

15. 7 NOVEMBER: SIRKELROETE DAGSTAP BY OU TOL BO IN DIE SWARTBERG-PAS

Organiseerder	Colin Young / 0833556030 / colin26young@gmail.com
Getal persone toegelaat	32
Stapkode per persoon	R55pp (gratis vir persone met Wild Card – laat weet vir Colin jou Wild Card-nommer)
Tipe akkommodasie & koste	Nie van toepassing
Ry-afstand na roete en terug vanaf Oudtshoorn	90 km
Donasie vir brandstof pp vanaf Oudtshoorn	R70 pp vir motor met 3 passasiers (of soos onderling in voertuig ooreengekom)
Stapafstand	7.4 km
Moeilikeidsgradering	3B
Bespreek voor...	Laat weet Colin voor 28 Oktober

Bykomende inligting en spesifieke reëlins:

Hierdie roete bied asemrowende uitsigte en pragtige rotsformasies van begin tot einde. Redelike fiksheid word vereis aangesien die roete steil klimme het oor klipperige terrein. Daar is geen water beskikbaar op die roete nie, dra dus genoeg water saam (2 liter), veral as 'n warm dag voorspel word. Spesifieke reëlins sal met die belangstellende stappers getref word.